ROMEINE 5: EEN MENS!!

Wanneer ons die Bybel lees; moet ons onderskei tussen "wat die Bybels vir ons sê om te doen" en wanneer die Woord "Christus aan ons openbaar"

- *Ons kan OF dit soek wat ons als moet DOEN*
- *OF ons kan die openbaring soek van Christus in dit wat ons lees*

*Daar is GEEN **lewe** in wat ons DOEN nie – ja daar is opdragte en ons sal geseën word deur dit te doen, maar die **LEWE** is nie in dit wat ons doen nie, DIS IN CHRISTUS*

- *Solank ons soek na wat ons als moet doen en nie doen nie, vind ons nooit die innerlike openbaring van Christus in ons nie.!!*

Rom 5:1-2 Omdat ons dan uit die geloof ***geregverdig is***, het ons ***vrede*** by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie ***genade*** waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die ***heerlikheid van God***.
Rom 5:1 "..*Therefore **being** justified by faith..*"

Daar is altyd 'n onderskeid tussen wat GOD DOEN, en wat mens MOET DOEN – ons moet die Woord altyd lees met dit in gedagte ➡ *wanneer moet ek doen, wanneer doen God!!*

- *Ons IS geregverdig* (...*being justified*...) – hierdie term verwys altyd na dit WAT GOD DOEN, ons het en kan niks daarvoor doen nie. Jy is REEDS geregverdig – jou goeie werke na jou wedergeboorte het NIKS te doen met jou redding of om gered te word of om God se liefde en genade te verdien nie – jy IS geregverdig.
- Ons het VREDE met God. (Alhoewel ons nie altydso leef nie !!) Dit verander nie die waarheid van die Woord nie – dit dui op ONS lewe in die siel-deel van ons menswees. Ons lewe in die fisiese dinge en wandel nie in die gees nie. Namate ons toelaat dat Christus in ons gestalte kry – kom ons nader aan Sy Vrede.
- Ons het toegang verkry tot God se genade. Wat is hierdie genade?? Al God die Vader se genade, vergifnis, vrede is IN SY SEUN Jesus Christus. Dis deur Christus wat ons ontvangers geword het hiervan – op geen ander wyse!!
  - "Hierdie Genade" is dat God Sy Seun gegee het, en dat Sy Seun in ons leef en als in ons vervul om God te behaag. - **Kol 1:27**
  - Wanneer ons "Wettisme" preek, dan kan ons net iets hê/verkry as ons iets doen: Bv. As ons X doen, dan sal ons Y ontvang van God.
  - Maar hier leer ons – ons HET reeds ontvang. Ons hoef nie so te leef om dit te verkry nie, ons het dit - of ons so leef of nie.
  - Moets en moenies behoort by onvolwasse kinders van God, mense moet leer WAT ONS IS EN WAT ONS HET sodat ons in die volheid kan begin leef.
- …roem in die hoop op die heerlikheid van God
  - Die heerlikheid van God is nie slegs Sy teenwoordigheid, soos in die tabernakel, nie. Dis God se ewige plan en wat God beplan en voorberei vir die mens.
  - Soms gaan ons deur moeilike omstandighede, en ons vind nie God "in ons omstandighede" nie. Dit lyk of Hy afwesig is. So ons probeer harder om Hom te bevredig ens. Sodat God sal "opdaag" in ons omstandighede.

- Die waarheid is, ons is in God se volmaakte plan, en Hy het ons reeds gegee wat ons nodig het om deur hierdie lewe te gaan, en ook die lewe hierna.
- ons kan fokus op die feit dat ons kinders van God is, ONGEAG hoe sleg dinge rondom ons lyk !! ons het die HOOP om aan God vas te hou – ons moet dit ook nie verdien nie, ons is reeds in Sy plan.
- Wanneer ons deur ons werke en dade probeer om God te beweeg om ons omstandighede te verander en vir ons te gee wat ons wil hê, sal als bly soos dit is – want God sal nie op 'n wettiese beginsel meer reageer nie – maar op ons OORGAWE!!

Rom 5:3-8 *En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe. Want nouliks sal iemand vir 'n regverdige sterwe vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*

- Let wel daar was liefde van God vir ons, toe ons nog sondaars was – na ons wedergeboorte het ons beslis nie nodig om Sy liefde skielik te "Verdien" nie.
- Daar is 'n mikro sekonde tussen jou as verlore sondaar, oppad hel toe; en jou wedergeboorte as kind van God, gered en geregverdig en erfgenaam van die ewige lewe.
- Maar daardie wedergeboorte was slegs in ons gees, ons siel bly ongehoorsaam aan God en vol verkeerde gedagtes en begeertes.
- Ons moet leer dat Christus leef in ons, en ons moet ons lewens verander (deur ons keuse) om meer te leer van die Woord, meer te leer van God en nader aan Hom te kom. Dis hier waar die H/Gees ons leer en lei, AS ONS HOM TOELAAT

Rom 5:9 *Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.*

- Sonde kan net vernietig word deur bloed, die bloed van 'n onskuldige lewe – onthou die offers van die Ou Testament.
- Ons is geregverdig, nie deur enigiets wat ons gedoen het nie, deur geen werke of gehoorsaamheim nie – maar slegs deur wat Jesus gedoen het, en ons ontvang dit deur ons geloof in Hom
- Die Toorn waarvan ons gered is – is God se straf vir sonde. NOOIT OOIT word sonde vir God aanvaarbaar nie. Sonde is strafbaar, die hel is vir sondaars. Ons is daarvan gered – deur Jesus. Hy het ons sonde in Sy liggaam geneem, en gesterf en dit vernietig.
- As Jesus die Toorn gedra het, is daar nie weer Toorn (Judgement) vir die wedergeborene nie !! dis waarom die benadering dat die Kerk ook deur die Groot Verdrukking moet gaan om gesuiwer te word ens. VALS is – geen veroordeling en geen toorn meer vanaf God, dis gedra deur Jesus !!

Rom 5:10-11 *Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is **deur die dood** van sy Seun, veel meer sal ons **deur sy lewe** gered word nou dat ons versoen is. En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.*

- Let op – ons is versoen deur Sy dood !! die offer is gegee, die prys is betaal, die sonde is vernietig en ons is Versoen DEUR SY DOOD.
- Maar deur Jesus se LEWE, Sy opstanding, ontvang ons nie vergifnis en verlossing nie, dis afgehandel met SY DOOD, ons ontvang LEWE!! Christus is die Lewe en ons het hierdie lewe!
- Voordat ons meer gaan leer oor Rom 6 en 7; moet ons nou reeds besef – ONS IS VERSOEN – ONS HET DIE LEWE IN CHRISTUS.
    - ons hoef nie verder in sonde bewustheid te leef, elke keer "weer gered" word wanneer ons afdwaal ens nie – ons moet begin leef in die bewustheid van die CHRISTUS LEWE IN ONS.
- **As gevolg van Hom** Het ons vergifnis vir sonde en versoening – **DEUR Hom** het ons LEWE. As ons nie deur Hom leef nie, neem die eise van die wêreld oor, en hoe swaarder word die lewe wat ons leef.
- **1Joh 5:12** *Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.*

Rom 5:12-14 *Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.*

- **1Kor 15:22** *Want soos hulle almal **in** Adam sterwe, so sal hulle ook almal **in** Christus lewend gemaak word;*
- Ons is IN Adam deurdat ons die nageslag van Adam is, ons is in God se plan NA Adam.
- Betreffende SONDE, deel God slegs met 2 mense – Adam en Jesus. Ek en jy is tussen in! maar Adam is die oorsaak van sonde en die aardse vader van sonde – Jesus is die Einde van sonde!! Deurdat hy dit vernietig.
- Hier praat ons van die Sonde (*as 'n konsep) (Sonde natuur*) nie die individuele sonde**s** van die individu nie.
- Dis waarom sonde-beleidenis van die sondaar wat tot bekering kom nie eers 'n vereiste is wat Paulus stel in Rom 10 nie, maar slegs jou geloof in Jesus – want jy word verlos van SONDE, nie die individuele dade van die individu nie – DIE SONDE VAN ADAM!!
- **1Kor 15:45** *So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.*
- **1Kor 15:49** *En soos ons die **beeld** van die aardse gedra het, so sal ons ook die **beeld** van die hemelse dra.*
- Ons SIEL word nie wedergebore nie! Ons siel en gedrag (*Alhoewel Christus in my leef*) lyk nie altyd soos Jesus nie – ons uiterlikke gedrag moet die BEELD word van Jesus, Christus in Ons moet eers meer word, dan kan ons ook so leef.

Rom 5: 15-16 *Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword. En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.*

- (*Teenstrydig met Charles Finny se leringe*…) Ons moet verstaan, dis nie jou sonde**s** wat jou verlore laat gaan nie – want ons is dood in ons sondes.
- Ons sondes is die **vrug** van die SONDE wat in die wereld in gekom het deur Adam – ons is verlore deur hierdie sonde wat deur Adam die wereld ingekom het.

- Vir hierdie rede kan geen mens – maak nie saak hoe "Goed" en "perfek" hulle leef, hemel toe gaan sonder Jesus nie!! Want ons was verlore agv Adam se sonde, nie my eie!!
- Jesus het hiervoor gesterf. **As** ons verlore gaan agv ons eie sondes, dan (na wedergeboorte…) gaan ons elke maal verlore wanneer ons sondig, en moet weer gered word, en elke maal word Christus WEER vir ons gekruisig. Maar Hy het een maal gesterf vir ons om een maal totaal verlos te word van die SONDE wat ons verdoem het.

Rom 5:17-19 *Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus. Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.*

- Weereens wil ek die vorige punt herhaal – ons is veroordeel deur die sonde van Adam
- Ons moet ons daarvan weerhou om mense te veroordeel vir HULLE sondes. Dis die Heilige Gees se werk om hulle te oortuig van sonde. Ons sien soms n broer of suster 'n sonde pleeg, en ons veroordeel en verwerp hulle!! God het nie!! Na wedergeboorte is daardie persoon HER-ENIG met God in vrede. Die SONDAAR **is** veroordeel – agv Adam se sonde, nie hulle eie.
- Die Woord leer ons wel om mekaar tereg te wys en vermaan ens. – maar dis 'n daad van liefde en eenheid in die Liggaam, dis NIE veroordeling en verwerping nie.
- Daarom kan enige mens, wat enige soort sonde gepleeg het, gered word deur God, want Jesus het die prys betaal vir die SONDE waaronder ons gestaan het as sondaars.
- Ons moet sonde in ons lewe dood leef, weg van sonde af, nader na God toe, maar ons moet NIE onsself of ander veroordeel vir hulle foute, sondes, afdwalings nie, want hulle staan nie veroordeeld voor God nie. Maar in liefde moet ons mekaar bystaan!!
- JESUS HET MET DIE SONDE VAN ADAM AFGEHANDEL OP DIE KRUIS, EN ONS HET IN CHRISTUS GESTERF VIR SONDE, EN LEWEND GEMAAK IN CHRISTUS

Rom 5:20-21 *Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige **lewe deur Jesus Christus**, onse Here.*

- Die Wet het bygekom sodat die mens die behoefte sou sien vir 'n "ANDER" oplossing; sodat die mens sou besef dat geen individuele pogings en werke die mens kan red nie, dat ons nooit God se geregtigheid kon bekom nie – die mens het "iets" anders nodig gehad om God se geregtigheid te ontvang en verlos te word.
- Christus is die einde van die Wet. Hy is die oorwinnaar!!
- Net Christus, Christus IN ons, kan die "Christelikke" lewe leef, want uit ons eie kan ons nie eers die Wet onderhou nie.

GEEN denominasie, godsdiens, kerk, christelikke groep ens.. wat 'n stel reels vereis vir ons om "reg" te wees met God kan ooit verlossing, vryheid en vervulling vir die mens bring nie – DAAR IS GEEN LEWE IN WETS ONDERHOUDING NIE – DIE LEWE IS IN JESUS!!